Publication: Daller,Die (Main)
Publication Date: 16 Mar 2018
Page: 11



AVE: 15179.93
Circulation: 1743
Part: 1 of 1

Mikateko Mawela. Nicole van der Westhuysen. Jaco van der Westhuyzen, Amy Marnitz en Ellene van der Westhuyzen.

# Tuks klubswemmers algeheel tweede in nasionale gala

Louise Blignaut Swemskool se klubswemmers het as deel van die Limpopo Tuks swemklub aan die Noordelike Streke se nasionale vlak een swemgala deelgeneem en algeheel tweede plek verwerf.

Limpopo Tuks se swemklub het nie net algeheel tweede plek verower nie, maar het die seuns van die klub algeheel eerste plek verower en die dogters vierde plek.

Louise Blignaut se swemmers wat aan dié gala deelgeneem het se uitslae is soos volg:

Fourie van Wyk verower 'n eerste plek in die 200 m vryslag, vyfde plek in 50 m vryslag, eerste plek in 100 m borsslag, tweede plek in 100 m vryslag, vierde plek in 50 m borsslag en tweede plek in 200 m Individual Medley.

Helena Pretorius verower 'n derde plek in 50 m vlinderslag, tweede plek in 100 m rugslag, tweede plek in 50 m vryslag, tweede plek in 50 m rugslag, tweede plek in 100 m vryslag en vierde plek in 50 m borsslag.

Anné Marais behaal 'n tweede plek in 50m vlinderslag, derde plek in 100 m rugslag, derde plek in 100 m borsslag, sesde plek in 50 m vryslag, vierde plek in 50 m rugslag, tiende plek in 100 m vryslag, sewende plek in 50 m borsslag en derde plek in 200 m Individual Medley.

Eben Oosthuizen ontvang 'n eerste plek in 50 m vlinderslag, eerste plek in 100 m rugslag, eerste plek in 50 m vryslag, eerste plek in 50 m rugslag, eerste plek in 100 m vryslag en eerste plek in 200 m Individual Medley.

Sven Andres behaal 'n vierde plek in 50 m vlinderslag, sesde plek in 50 m vryslag, vierde plek in 100 m borsslag, sesde plek in 100 m vryslag en vyfde plek in 50 m borsslag.

Johan van Wyk verower 'n tiende plek in 50 m vlinderslag, 24ste plek in 50 m vryslag, elfde plek in 50 m rugslag, elfde plek in 100 vryslag en 19de plek in 50 m borsslag.


Dit was 'n uitstekende naweek vir dié swemklub, hul afrigter, me. Louise Blignaut en al die swemmers wat deelgeneem het.

Louise Blignaut bedank al haar swemmers wat uitstekende prestasies behaal het tydens die gala.

Laerskool Julian Muller is trots op elk van hierdie swemmers wat hul skool se naam so hoog hou.



Helena Pretorius, Anné Marias, Sven Andrews, Fourie van Wyk en Eben Oosthuizen.




Johan van Wyk.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.